Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2025

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**WÊRELD SE LANGSTE EN KORTSTE VROU ONTMOET MEKAAR VIR TEE**



1 Die wêreld se langste en kortste vrou, Rumeysa Gelgi (27) en Jyoti Amge (30), het mekaar vandeesweek in die Savoy Hotel in Londen vir middagtee ontmoet. Dit was om die twintigste jaarlikse Guinness Wêreldrekorddag te vier.

2 Ondanks die groot verskil in lengte het die twee vinnig vriende geword terwyl hulle tradisionele Engelse tee gedrink het. Hulle het oor hul lewenservarings en ŉ gedeelde liefde vir mode en selfversorging gepraat.

3 "Om Jyoti te ontmoet was wonderlik. Sy is die mooiste dame. Ek het lank gewag om haar te ontmoet," sê Rumeysa. Jyoti sê op haar beurt sy is gewoond daaraan om op te kyk en mense langer as sy te sien. "Maar ek was so gelukkig om vandag op te kyk en die wêreld se langste vrou te sien," sê sy.

4 Rumeysa, wat in Turkye woon, het self aansoek gedoen vir die titel as langste vroulike tiener in 2014. In 2021 is sy bevestig as die langste vrou wat leef en in 2023 kry sy ook die titels vir die grootste hande, ore en die langste vingers en rug. Rumeysa sê dat sy trots is op haar titels en dat dit die byt van die geboelie en negatiewe woorde oor die jare ŉ bietjie versag. Sy sê sy hoop mense sal onthou om gaaf te wees teenoor mense wat anders is.

5 Rumeysa se lengte is veroorsaak deur ŉ toestand genaamd Weaver-sindroom. Dis ŉ uiters seldsame genetiese toestand wat buitengewone beengroei veroorsaak. Dokters het tot dusver slegs ongeveer 50 gevalle van Weaver-sindroom wêreldwyd geïdentifiseer.

6 Rumeysa vertel dat haar kinderjare moeilik was. Weens haar fisiese toestand moes sy tuisonderrig ontvang. Sy het soos ŉ kind vasgevang in ŉ volwassene se liggaam gevoel. Mense verwag van mans om groter en langer as vrouens te wees en dit maak dit moeilik vir lang vrouens. Rumeysa sê sy vind dit ontstellend.

7 Rumeysa is ŉ webontwerper en droom al vir jare om na Silicon Valley te gaan om haar loopbaan te ontwikkel. Weens spinale kromming en gewrigs- en spierprobleme kan sy egter nie vir meer as 2 uur sit nie en ŉ motorrit vanaf Turkye sou 13 uur duur. Uiteindelik het ŉ lugredery in 2022 ingestem om haar te help om haar droom ŉ werklikheid te maak. Ses sitplekke in die ekonomiese afdeling is afgeskort, platgeslaan en ŉ draagbaar is daaroor geplaas. Hierdie prosedure is gewoonlik net beskikbaar vir ernstige mediese noodgevalle; Rumeysa was die eerste persoon wat dit as ŉ gewone passassier kon gebruik. Rumeysa sê die vlug was vol bespreek en daar was baie nuuskierige mense. Sy het egter ŉ ongelooflike tyd gehad.

8 Jyoti, oorspronklik van Nagpur, Indië, se lengte is veroorsaak deur achondroplasia, ŉ afwyking wat beengroei in die arms en bene vertraag. Met geboorte het sy slegs sowat 1,361kg geweeg en daar is nie verwag dat sy langer as 10 minute sou leef nie. Hierdie afwyking word slegs by 1 uit elke 25 000 geboortes gevind.

9 Jyoti het talle uitdagings. Sy leef met gewrigspyn, vind eenvoudige take soos trappe klim moeilik en is afhanklik van ander om dinge buite haar bereik aan te gee. Mense wat haar ontmoet, behandel haar ook dikwels soos ŉ baba. Sy laat egter nie toe dat iemand aan haar raak sonder toestemming nie. Mense is ook geneig om haar nie ernstig op te neem nie, maar sy weier dat haar kondisie haar beperk.

10 Jyoti, ŉ aktrise en model, het ŉ media sensasie geword toe sy in die musiekvideo van gewilde sanger, Mika Singh, te sien was. Daarna was sy in verskeie produksies te sien, maar ŉ hoogtepunt in haar lewe was egter toe sy ŉ rol in die *American Horror Story : Freak Show* kry. Sy pak die lewe met vreugde en humor aan – dinamiet kom beslis in klein pakkies.

11 Hierdie vrouens se stories wys die uiterste diversiteit van die menslike liggaam, sowel as die wilskrag en sterkte van mense wat met buitengewone kenmerke gebore word.

[Verwerkte teks uit verskeie bronne]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Hoekom het Jyoti Amge en Rumeysa Gelgi mekaar vir tee ontmoet? (1)

1.2 Noem TWEE dinge waarvoor beide Jyoti en Amge lief is. (2)

1.3 Hoekom is die volgende stelling ŉ MENING en nie ŉ feit nie?

"Sy is die mooiste dame." (paragraaf 3) (1)

1.4 Watter besondere voorreg het Jyoti volgens paragraaf 3 ervaar? (1)

1.5 Dit was ŉ goeie idee van Rumeysa om aansoek te doen vir die titel as langste vroulike tiener in 2014. Motiveer waarom jy met hierdie stelling saamstem. (1)

1.6 Rumeysa hoop dat mense gaaf sal wees teenoor mense wat anders is. (paragraaf 4)

Waarom is dit belangrik om gaaf teenoor mense met afwykings te wees? (1)

1.7 Haal EEN woord uit paragraaf 5 aan wat dieselfde as **skaars** beteken. (1)

1.8 Gee ŉ rede waarom Rumeysa se lewe as ŉ dogtertjie nie maklik was nie. (1)

1.9 Rumeysa se wêreldtitels **versag die byt** van negatiewe ervarings oor die jare. (paragraaf 4)

1.9.1 Word hierdie vetgedrukte woorde LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord by VRAAG 1.9.1 deur te verduidelik wat die vetgedrukte woorde beteken. (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.10) en die antwoord neer.

In paragraaf 6 vind ons 'n voorbeeld van (vooroordeel/stereotipering). (1)

1.11 Rumeysa is ŉ webontwerper. Hoekom, dink jy, is dit ŉ goeie beroep vir haar? (1)

1.12 ŉ Lugredery het dit vir Rumeysa moontlik gemaak om van Turkye na Silicon Valley in Amerika te vlieg.

Noem TWEE dinge wat die lugredery gedoen het om hierdie vlug vir haar moontlik te maak. (2)

1.13 Waaruit kan jy aflei dat Rumeysa oor die jare geleer het om haar nie te veel aan ander mense te steur nie? (1)

1.14 Vergelyk die twee vrouens se genetiese afwykings met mekaar. Verwys spesifiek na beengroei in jou antwoord. (1)

1.15 In watter land woon Jyoti? (1)

1.16 Jyoti se afwyking kom algemeen onder babas voor.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.17 Noem TWEE fisiese uitdagings wat Jyoti ervaar. (2)

1.18 Die spreekwoord sê : “Dinamiet kom in klein pakkies.”

Waarom kan ons sê hierdie spreekwoord pas by Jyoti? (1)

1.19 Watter les, dink jy, kan jy by Rumeysa en Jyoti leer? (1)

1.20 Dink jy ’n mens behoort jammer vir hierdie twee vrouens te voel? Motiveer jou antwoord. (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Sadag Grafika 24]

1.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die inligting in hierdie teks leer ons dat (meer/minder) mense in Suid-Afrika deesdae paniekaanvalle kry. (1)

1.22 Hoekom word 'n prent van 'n horlosie in hierdie teks gebruik? (1)

1.23 Kyk na die prentjie van die vliegtuig. Haal EEN woord uit die teks aan wat die prentjie ondersteun.



(1)

1.24 Hoe weet jy dat die inligting in hierdie visuele teks akkuraat is? (1)

1.25 Hoe word die meisie se paniekaanval visueel in die grafiese teks voorgestel?



(1)

1.26 Dink jy hierdie visuele teks is maklik om te verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Jy is nou in matriek en het vir jouself doelwitte vir die toekoms gestel.

**INSTRUKSIES**

1. Skryf SEWE wenke wat jou sal help om jou doelwitte te bereik, in jou EIE VOLSINNE neer.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**SO BEREIK EK MY DOELWITTE**

Ons almal het doelwitte en is soms onseker hoe om dit te bereik. Hier is wenke wat jou kan help om jou doelwitte ’n realiteit te maak.

Dis belangrik om realistiese, eenvoudige doelwitte te stel. Pleks van om druk op jouself te plaas om van ’n D- na ’n A-simbool in ’n vak te beweeg, mik na iets meer realisties soos om ’n goeie punt te kry. Die volgende stap is om pen en papier te gryp. Skryf neer wat jy weekliks gaan doen om jou doelwit te bereik. Dit sal jou help om konstant aan jou doelwit te werk.

’n Goeie manier om te verseker jy gaan jou doelwit bereik, is deur ’n lysie name neer te skryf van mense wat jou sal ondersteun. Dis soveel makliker om jou doel te bereik as jy die nodige hulp het. Om jou gemotiveerd te hou, soek iemand wat dieselfde doelwit bereik het as wat jy in gedagte het. Hierdie rolmodel kan vir jou goeie advies en terugvoering gee.

Bly op hoogte van jou vordering deur die stel van onthounotas en alarms. As jy byvoorbeeld vir ’n motor spaar, moet jy ’n manier vind om jou maandeliks daaraan te herinner om op ’n sekere dag van die maand van jou sakgeld weg te sit. Hou jou doelwit lewend deur ’n visualiseringsbord te maak. Plak dit iewers op waar jy dit daagliks kan sien. Struikelblokke, moedeloosheid en twyfel gaan altyd daar wees – dit is dus uiters belangrik om gefokus te bly.

[Verwerk uit verskeie tekste]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**

innibos®
LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES
MBOMBELA, NELSPRUIT

(3.2) Maak jou bolla los

Dis (3.3) (uiteindelik)

weer Innibos!

(3.4) **3 TOT 6 JULIE 2025**

** MUSIEK * DRAMA * KOMEDIE * BOEKE * KUNS * FEESTERREIN*

(3.7) k-k-k-k-kraakvars kunstefees



Rig navrae aan: https://www.innibos.co.za

[Verwerkte teks]

3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.2 "Maak jou bolla los" word FIGUURLIK gebruik.
Motiveer hierdie stelling. (1)

3.3 Wat impliseer die woord "uiteindelik" in hierdie teks? (1)

3.4 Watter tegniek gebruik die adverteerder om die datum van die Innibosfees te beklemtoon? (1)

3.5 Waarom gebruik die adverteerder 'n foto/prent in die teks? (1)

3.6 Watter woord in die teks maak die advertensie persoonlik? (1)

3.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.7) en die antwoord neer.

Met die ongewone skryfwyse van **k-k-k-k-kraakvars** wil die adverteerder beklemtoon dat ...

A daar baie nuwe produksies is.
B daar baie vars kos te koop by die fees is.
C slegs nuwe kunstenaars by die fees optree.
D die fees vir jongmense bedoel is. (1)

3.8 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Daar is verskeie aktiwiteite by Innibos (uit wat/waaruit) jy kan kies. (1)

3.9 Vorm 'n PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

Die (sing), Bok van Blerk, is een van die kunstenaars wat sal optree. (1)

3.10 Wat moet 'n mens doen om meer inligting oor die Innibosfees te kry? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Google images: Meester deur Danie Cronjé]

4.1 Identifiseer die SINSOORT in die onderstaande sin. (RAAMPIE 1)

"Ag nee, daar lui die klok!" (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord uit die lys hieronder om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer 4.2 en die antwoord neer.

Neelsie (die seun) se woorde: "Ag Nee" impliseer dat hy … is.

A opgewonde
B teleurgesteld
C verbaas
D hartseer (1)

4.3 Gee TWEE visuele bewyse uit RAAMPIE 1 wat daarop dui dat Neelsie hardloop. (2)

4.4 Wat is die funksie van die ellips in RAAMPIE 2? (1)

4.5 Kyk weer na RAAMPIE 3.

Waaruit kan ons aflei dat Neelsie besluit het om nie skool toe te gaan nie? Noem TWEE dinge. (2)

4.6 Kan jy met Neelsie se situasie identifiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

4.7 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE.

Neelsie sê: "Ek gaan buitendien gestraf word." (1)

4.8 Hoe weet jy dat Neelsie in al drie raampies hardop praat ? (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**MAN OORLEEF VAN REËNWATER,** (5.1.1) **KOKKEROTTE EN SEEVOËLS**

Hy het geëet en gedrink wat hy ook al (5.1.2) (…) die hande kon kry. (5.1.3) (Hy klou letterlik aan die lewe vas.)

Maximo Napa is verlede week op die (5.1.4) (rand) van die dood gevind ná byna 100 dae op die oop see. Die 61-jarige (5.1.5) (vis + man) was in ’n kritieke toestand. (5.1.6) (’n Skeepskaptein het hom gesien en gered.)

Hy het op (5.1.7) (12) Desember die hawe van San Juan de Marcona verlaat. Sterk seestrome het hom honderde kilometers (5.1.8) (ver) die oop see in gedryf. Sy (5.1.9) (klein) bootjie was sonder ’n radio.

Hy is na ’n hospitaal gebring (5.1.10) (vir ontwatering behandel word). (5.1.11) (Die trane het gevloei. Hy is met sy familie herenig.) Maximo het aan plaaslike media gesê hy het oorleef danksy die (5.1.12) (reënwater), seevoëls, kokkerotte en selfs ’n seeskilpad. Hy het al twee weke (5.1.13) (lank/lang) niks geëet teen die tyd dat hy gered is nie.

Die skilpad (5.1.14) (was) sy laaste maaltyd. Hy het toe alreeds die laaste bietjie rys geëet. Hy het emosioneel geraak en gesê dat hy vir sy geliefdes wou bly leef. Sy ma sê dis ’n wonderwerk. Sy het vir die Here gevra om hom lewend of dood terug te bring.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 18 Maart 2025]

5.1.1 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Man oorleef van reënwater, (kokkerotte) en seevoëls. (1)

5.1.2 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hy het geëet en gedrink wat hy ook al ... die hande kon kry. (1)

5.1.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Hy klou letterlik aan die lewe vas. (1)

5.1.4 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Maximo Napa is verlede week op die (rand) van die dood gevind ná byna 100 dae op die oop see. (1)

5.1.5 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die 61-jarige (vis+man) was in ’n kritieke toestand. (1)

5.1.6 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

’n Skeepskaptein het hom gesien en gered. (1)

5.1.7 Skryf die GETAL tussen hakies as ’n woord.

Hy het op (12) Desember die hawe van San Juan De Marcona verlaat. (1)

5.1.8 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Sterk seestrome het hom honderde kilometers (ver) die oop see in gedryf. (1)

5.1.9 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Sy (klein) bootjie was sonder ’n radio. (1)

5.1.10 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Hy is na ’n hospitaal gebring (vir ontwatering behandel word). (1)

5.1.11 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die trane het gevloei. Hy is met sy familie herenig. (toe)

Begin so : Die trane ... (1)

5.1.12 Is die woord tussen hakies (in die onderstaande sin) ’n KOMPLEKS of ’n SIMPLEKS?

Maximo het aan plaaslike media gesê hy het oorleef danksy die (reënwater), seevoëls, kokkerotte en selfs ’n seeskilpad. (1)

5.1.13 Kies die korrekte WOORD uit dié tussen hakies.

Hy het al twee weke (lank/lang) niks geëet teen die tyd dat hy gered is nie. (1)

5.1.14 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in ’n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die skilpad (was) sy laaste maaltyd. (1)

Kopiereg voorbehou

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: clipart-library.com]

5.2.1 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die kinders is in ’n (*library*). (1)

5.2.2 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE.

Die meisie sit (doodstil) (op die stoel) (elke naweek). (1)

5.2.3 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Die seun kies altyd ’n boek oor vliegtuie. (1)

5.2.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die kinders lees ten minste twee (hoofstuk) per maand. (1)

5.2.5 Gee die VERLEDE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die (verf) boekrak lyk mooi. (1)

5.2.6 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Dit is ’n (slegte) gewoonte om gereeld te lees. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2025**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/ motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ŉ reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na – eers horisontaal en dan vertikaal.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.
- Of soortgelyk aan bogenoemde beteken ŉ sinoniem van die voorgestelde antwoord op die nasienriglyn.

### VRAAG 1

**TEKS A: WÊRELD SE LANGSTE EN KORTSTE VROU ONTMOET MEKAAR VIR TEE**
[Verwerkte teks]

| VRAAG | ANTWOORD | VLAK | PUNT |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Hulle het die twintigste jaarlikse Guinness Wêreldrekorddag gevier. | 1 | 1 |
| | | | |
| 1.2 | Beide is lief vir/hou van **mode** en **selfversorging.** | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.3 | Dit is nie bewys nie, maar slegs Rumeysa se opinie.<br>*(Of soortgelyk)* | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.4 | Sy het die wêreld se langste vrou gesien. | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.5 | • Sy het in die Guinness Wêreldrekordboek verskyn.<br>• Sy het bekend geraak as gevolg daarvan.<br>• Sy het die titel gewen en dit het haar gehelp om vrede te maak met die geboelie en lelike woorde oor die jare.<br>• Dit het deure vir haar oopgemaak.<br>• Daardeur het sy nog meer titels gewen.<br>• Nadat sy die titel gewen het, is sy in`n posisie om bewustheid vir haar kondisie *(Weaver-sindroom)* te skep.<br>*Enige gepaste relevante antwoord.* | 4 | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.6 | • Dit is belangrik om ALLE mense te respekteer, ongeag hulle voorkoms.<br>• ŉ Mens kan sulke mense se gevoelens seermaak indien jy onvriendelik is.<br>• ŉ Mens kan sulke mense emosionele skade berokken as jy lelik met hulle is.<br>• Hulle kry reeds swaar; vriendelikheid mag dalk ŉ verskil maak<br>*(Of soortgelyk)* | | 4 | 1 |
| | | | | |
| 1.7 | "seldsame"<br>*(Leerder word nie gepenaliseer as woord nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | | 2 | 1 |
| | | | | |
| 1.8 | Sy het soos ŉ kind vasgevang in ŉ volwassene se liggaam gevoel.<br>Sy is geboelie.<br>Lelike aanmerkings is teenoor haar gemaak.<br>Sy moes tuisonderrig ontvang (weens haar lengte). | | 1 | 1 |
| | | | | |
| 1.9 | 1.9.1 | Figuurlik | 3 | 1 |
| | | | | |
| | 1.9.2 | Haar wêreldtitels maak dit vir haar makliker/beter om die slegte dinge (geboelie, ens.) te aanvaar /te verwerk.<br>*(Of soortgelyk)* | 3 | 1 |
| | | | | |
| 1.10 | Stereotipering | | 3 | 1 |
| | | | | |
| 1.11 | • Sy kan dit van haar huis/ enige plek af doen.<br>• Sy hoef nie na haar werk te reis nie.<br>• Dit is oor die algemeen ŉ goeie beroep, want tegnologie word al belangriker in die hedendaagse lewe.<br>• Sy kan baie geld verdien.<br>• Daar is baie geleenthede in daardie veld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | | 4 | 1 |
| | | | | |
| 1.12 | • Hulle het 6 sitplekke vir haar platgeslaan/aan haar afgestaan.<br>• Hulle het die sitplekke afgeskort.<br>• Hulle het ŉ draagbaar oor die 6 sitplekke geplaas.<br>(Enige TWEE) | | 1 | 2 |
| | | | | |
| 1.13 | Mense was nuuskierig oor haar op die vlug na Silicon Valley, maar sy het nie toegelaat dat dit haar ontstel nie. Sy het eerder daarop gefokus om dit te geniet.<br>*(Of soortgelyk)* | | 3 | 1 |
| | | | | |
| 1.14 | • Rumeysa Gelgi het oormatige beengroei en Jyoti Amge vertraagde beengroei.<br>• Rumeysa Gelgi se bene het te vinnig gegroei/ontwikkel en Jyoti Amge se bene het te stadig gegroei/ontwikkel. | | 3 | 1 |
| | | | | |
| 1.15 | Indië | | 1 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.16 | Dit is ONWAAR, want die afwyking kom slegs by 1 uit elke 25 000 geboortes voor. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.17 | • Sy leef met gewrigspyn.<br>• Sy sukkel om trappe te klim.<br>• Sy kan nie alles bykom nie (moet hulp vra).<br>(Enige TWEE) | 1 | 2 |
| | | | |
| 1.18 | Ten spyte van haar klein postuur/gebrek aan lengte het sy ’n bekende model/aktrise/media sensasie geword. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.19 | • Jy moet nooit opgee nie.<br>• Jy moenie toelaat dat jou voorkoms jou terughou in die lewe nie.<br>• Bly positief.<br>• Maak die beste van ’n slegte situasie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 4 | 1 |
| | | | |
| 1.20 | Ja.<br>• Dit moet moeilik wees om elke dag met jou andersheid saam te leef.<br>• Mense is wreed en maak altyd grappies oor opvallende verskille.<br>• Hulle het groter uitdagings as ander mense.<br>**OF**<br>Nee.<br>• Hulle is altwee innerlik sterk en maak die meeste van hul andersheid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 4 | 1 |
| | | | |
| **TEKS B: PANIEKAANVALLE AAN DIE TOENEEM IN SUID-AFRIKA** [verwerk uit Sadag Grafika 24] | | | |
| | | | |
| 1.21 | Meer | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.22 | In die teks word genoem dat ’n paniekaanval 4 tot 6 minute duur. | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.23 | Vermy | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.24 | Die bron is aangedui, naamlik Grafika 24.<br>Grafika 24 is ’n vertroude en bekende bron. | 2 | 1 |
| | | | |
| 1.25 | Die posisie waarop sy sit – ineengekrimp<br>Haar hande wat saamgeklem word<br>Dit lyk asof sy bewe<br>Sy lyk angstig<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 3 | 1 |
| | | | |
| 1.26 | Ja.<br>• Alles is baie goed visueel voorgestel.<br>• Daar is baie prente<br>• Daar is ’n prent oor elke simptoom<br>• Min woorde | 4 | 1 |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

Die nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

(Indien selfs net één van die feite ŉ direkte aanhaling is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel volgens die volgende kategorie.)

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
  - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
  - **Toegewing**: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is ŉ direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.
  - Indien die kandidaat slegs één korrekte feit gee en daardie feit is ŉ direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die feit (aanhaling) en geen punte vir taal nie.
  - ŉ Direkte aanhaling is woord vir woord. Indien een woord uitgelaat of omgeruil is, is dit nie ŉ direkte aanhaling nie.

**LET WEL:**

**Getal woorde:**

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 2: SO BEREIK EK MY DOELWITTE**

[Verwerk en aangepas uit verskeie tekste]

| DIREKTE AANHALING | EIE WOORDE |
|---|---|
| Ons almal het doelwitte en is soms onseker hoe om dit te bereik. Hier is wenke wat jou kan help om jou doelwitte ŉ realiteit te maak. | |
| **Dis belangrik om realistiese, eenvoudige doelwitte te stel**. Pleks van om druk op jouself te plaas om van ŉ D- na ŉ A-simbool in ŉ vak te beweeg, mik na iets meer realisties soos om ŉ goeie punt te kry. Die volgende stap is om pen en papier te gryp. **Skryf neer wat jy weekliks gaan doen om jou doelwit te bereik.** Dit sal jou help om konstant aan jou doelwit te werk. | 1. Stel realistiese, eenvoudige doelwitte.<br><br>2. Jy moet neerskryf wat jy weekliks gaan doen om jou doelwit te bereik. |
| ŉ Goeie manier om te verseker jy gaan jou doelwit bereik, is deur **ŉ lysie name neer te skryf van mense wat jou sal ondersteun.** Dis soveel makliker om jou doel te bereik as jy die nodige hulp het. Om jou gemotiveerd te hou, **soek iemand wat dieselfde doelwit bereik het as wat jy in gedagte het.** Hierdie rolmodel kan vir jou goeie advies en terugvoering gee. | 3. Maak ŉ lysie van mense wat jou sal ondersteun.<br><br>4. Kry/vind/soek iemand wat reeds dieselfde doelwit bereik het./ Soek iemand wat vir jou goeie **advies/ terugvoering** oor jou beoogde **doelwit** kan gee. |
| **Bly op hoogte van jou vordering deur die stel van onthounotas en alarms**. As jy byvoorbeeld vir ŉ motor spaar, moet jy ŉ manier vind om jou maandeliks daaraan te herinner om op ŉ sekere dag van die maand van jou sakgeld weg te sit. Hou jou doelwit lewend deur **ŉ visualiseringsbord te maak**. Plak dit iewers op waar jy dit daagliks kan sien. Struikelblokke, moedeloosheid en twyfel gaan altyd daar wees – dit is dus **uiters belangrik om gefokus te bly.** | 5. Hou tred van jou vordering deur die stel van onthounotas en alarms.<br><br>6. Maak ŉ **visualiseringsbord**./ Plak die **visualiseringsbord** op waar jy dit elke dag kan sien.<br><br>7. Bly gefokus (op jou doelwit).<br><br>(53 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### ALGEMENE NASIENRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
  - Aanvaar fonetiese spelling van woorde waar *(sp)* nie as vereiste aangedui is nie. Indien die fonetiese spelling die sinsbetekenis verander, word dit nie aanvaar nie.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

### VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

[Verwerkte teks]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | • Mense wat van kunstefeeste hou<br>• Mense wat van musiek hou<br>• Mense wat van kuns hou<br>• Mense wat van boeke hou | 1 |
| 3.2 | Dit beteken ontspan en geniet jouself. | 1 |
| 3.3 | Mense het **lank** daarvoor (die Innibos-fees) **gewag**<br>(*Of soortgelyk)* | 1 |
| 3.4 | Die datum is in vetdruk<br>Dit is in hoofletters<br>Dit is groot geskryf | 1 |
| 3.5 | • Dit trek die leser se aandag.<br>• Dit wys die kunstenaars wat gaan optree. | 1 |
| 3.6 | jou | 1 |
| 3.7 | • A<br>• daar baie nuwe produksies is | 1 |
| 3.8 | waaruit | 1 |
| 3.9 | sanger | 1 |
| 3.10 | • Jy kan hulle kontak op hulle webwerf<br>• Plaas kolpunt vir ŉ tweede opsies<br>https://www.innibos.co.za | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

[Google images: Meester deur Danie Cronjé]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 4.1 | Uitroepsin | 1 |
| | | |
| 4.2 | B<br>teleurgesteld | 1 |
| | | |
| 4.3 | • Die stofwolkies onder sy voete<br>• Wolkies wat by sy mond uitkom – wys hy is uitasem<br>• Sy voete is in die lug met (wolkies daarom) | 2 |
| 4.4 | • Neelsie is nie klaar gepraat nie<br>*(Of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 4.5 | • Hy loop in die teenoorgestelde rigting<br>• Hy het 'n visstok | 2 |
| | | |
| 4.6 | Ja.<br>• Ek was ook al laat vir skool<br>• Ek het ook al omgedraai as die klok gelui het<br><br>Nee.<br>• Ek is nie so onverantwoordelik nie<br>• Ek kom nie laat vir skool nie<br>*(Enige gepaste relevante antwoord)* | 1 |
| | | |
| 4.7 | • Neelsie sê **dat** hy buitendien gestraf **gaan word**.<br>• Neelsie sê hy gaan buitendien gestraf word. | 1 |
| | | |
| 4.8 | Daar is slegs spraakborrels. | 1 |
| | | **[10]** |

| VRAAG 5.1 | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| **TEKS F: ARTIKEL**<br>[Verwerk uit *Huisgenoot,*18 Maart 2025] | | | |
| | | | |
| **VRAAG** | | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.1 | 5.1.1 | kok-ke-rot-te<br>kok/ke/rot/te<br>kok ke rot te<br>*(Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)* | 1 |
| | | | |
| | 5.1.2 | in | 1 |
| | | | |
| | 5.1.3 | Hy **het** letterlik aan die lewe **vasgeklou.**<br>(vasgeklou = een woord ) | 1 |
| | | | |
| | 5.1.4 | randjie *(sp)* | 1 |
| | | | |
| | 5.1.5 | viss**er**man | 1 |
| | | | |
| | 5.1.6 | Hy **is deur** ’n skeepskaptein gesien en gered. | 1 |
| | | | |
| | 5.1.7 | twaalf *(sp)* | 1 |
| | | | |
| | 5.1.8 | verder *(sp)* | 1 |
| | | | |
| | 5.1.9 | piepklein *(sp)* | 1 |
| | | | |
| | 5.1.10 | Hy is na ’n hospitaal gebring **om** vir ontwatering behandel **te word.** | 1 |
| | | | |
| | 5.1.11 | Die trane het gevloei **toe** hy met sy familie herenig **is.** | 1 |
| | | | |
| | 5.1.12 | kompleks | 1 |
| | | | |
| | 5.1.13 | lank | 1 |
| | | | |
| | 5.1.14 | Ma was die kinders se vuil klere.<br>Die kers se was het op my tafel gedrup.<br>Die was in jou oor kan jou gehoor belemmer.<br>Daar is baie beelde wat van was gemaak is in die museum. | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG 5.2** | | | |
| | | | |
| **TEKS G: PRENT**<br>[Bron: clipart-library.com] | | | |
| | | | |
| **VRAAG** | | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.2 | 5.2.1 | biblioteek<br>*(Aanvaar spelling van fonetiese uitspraak)* | 1 |
| | | | |
| | 5.2.2 | Die meisie sit elke naweek doodstil op die stoel. | 1 |
| | | | |
| | 5.2.3 | Die seun kies **nooit** ʼn boek oor vliegtuie **nie.**<br>Die seun kies **nie altyd** ʼn boek oor vliegtuie **nie**. | 1 |
| | | | |
| | 5.2.4 | hoofstukke *(sp)* | 1 |
| | | | |
| | 5.2.5 | geverfde *(sp)* | 1 |
| | | | |
| | 5.2.6 | goeie | 1 |
| | | | **[20]** |
| | | | |
| | | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** |
| | | **GROOTTOTAAL:** | **80** |

Kopiereg voorbehou